## ONS VOLKSGESKIEDENIS AS LEWENDE ERFENIS*

Geskiedskrywing, daarom ook die onderrig van geskiedenis, sou gedefinieer kan word as die redelike, daarom ook ware en sinvolle verslag van die strominge en gebeurtenisse waarby die mens betrokke was. Gebeurtenisse en strominge sou wel sonder die mens kan plaasvind. Maar sy afwesigheid sou hulle buite die vakgebied van geskiedenis plaas, en binne dié van ander studievelde soos die kosmologie, die paleontologie, en die geologie. Dat alle geskiedskrywing en -onderrig nie aan hierdie omskrywing gemeet kan word nie, spreek vanself. Was dit anders, dan was hierdie gesprek nie nodig nie. Trouens, ek sou so ver gaan om te sê dat geskiedenis op hierdie peil so seldsaam is as letterkunde gemeet aan sy eie hoogste eise. Die vergelyking met die letterkunde is nie toevallig nie. Albei het uiteindelik te doen met die *hele* lewe, wat die synde is. In daardie sin trek hulle albei in hulle volwassenheid saam met die filosofie en die teologie in één tuig. Albei vra — en dit blyk reeds uit bostaande definisie — 'n redelike benadering, wat egter heelwat meer is as 'n rasionele benadering. Albei openbaar hulle in dieptelae of dimensies, wat op die fondament van die rede rus — of behoort te rus. Omdat die synde dieptelae het, daarom het sowel die letterkunde as die geskiedenis dieptelae. Kortweg gestel kan mens sê dat die twee dimensies van die synde dié is van gesonde verstand en die liefde. Albei is ewe seldsaam. Van gesonde verstand kan daar voorts gesê word dat hoewel die grootste gedeelte van ons wakende ure die vereiste aan ons stel van goeie praktiese oordeel, gemeenskappe in hulle groepsoptrede gewoonlik 'n tekort daaraan het. Van die liefde kan dit weer gesê word dat dit niks te doen het met 'n weekheid van gevoel wat eintlik 'n ingekeerdheid op onsself is nie. Die liefde is 'n agting vir die synde — veral die synde van andere — en dra homself uit in 'n omhelsing van die reële, wat in eerste plek ook die aktuele beteken. Dit is wat hier is en nou is; wat dus tydgenootlik is. Dit is egter ook heelwat meer, soos ek aans sal probeer aantoon. Wat hier ter sprake bly, is dat die geskiedenis, om finaal sinvol te kan wees, met hierdie dimensies rekening moet hou. Dit moet voldoen aan die vereistes van gesonde verstand en die liefde. Die liefde is 'n kennis van die reële, deur die agting en die inbesitname daarvan. Aangesien die letterkunde nou gekies is om dié benadering te verhelder, moet ons nou maar daarmee voortgaan. Wat beteken dit alles nou in terme van die geskrewe woord? Wat gesonde verstand betref sou dit wees 'n behoorlike kennis van en gebruik van al die tegniese toerusting wat die skrywer of die digter nodig het. Moenie hierdie kant van die saak minag nie. Voordat jy woordkuns kan voortbring, moet jy die woorde ken. Voordat jy prosa of gedigte skryf, moet jy 'n behoorlike sin inmekaar kan sit. Dit geld selfs vir daardie skrywers wat plesier daarin vind om verkeerdom of onderstebo te skryf, of tong uit te steek vir alles wat hulle Afrikaans-

* Referaat gelewer voor die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika*, Kaaplandse Afdeling te Stellenbosch, November 1966.

onderwyser hulle van opstelskryf geleer het. Dis slegs 'n groot skrywer wat kan bekosting om eksentriek te raak.

Verdere dieptelae (dimensies) vind die geskrewe woord wanneer die voorwerp daarvan met die liefde .benader word. Soos reeds aangedui, is dit 'n ontologiese begrip: dit het te doen met die agting vir die syn van 'n ander; met 'n kennis daarvan wat bo die rasionele uitgaan. Die skilderkuns van sê maar 'n Van Gogh illustreer dit goed. As hy 'n vaas met 'n paar sonneblomme skilder, dan sê hy eintlik veel meer van die sonneblomme as wat die gesonde verstand van sê maar 'n botanikus ons daarvan kon vertel. Sy waarneming van die sonneblomme is 'n onmiddellike persepsie, 'n soort indring-in-die-ding sonder rasionele denke, maar terwyl rasionele denke ook nog steeds sy rol speel. Terwyl Van Gogh sy sonneblomme waarneem en ervaar op 'n konkrete en unieke manier, werk sy kwas soos sy gesonde verstand voorskryf.

Die skrywer doen dieselfde. Die geskiedkundige doen amper dieselfde, soos ek weldra sal probeer aantoon, as hy sinvolle geskiedenis wil doseer of skryf.

Daar is oral dieptelae van die synde; en daarom is dit nie verbasend dat selfs hierdie liefde-tot-die-objek, hierdie vereenselwiging daarmee, hierdie omhelsing van sy aktuele, konkrete teenwoordigheid op 'n manier wat die verstand eintlik te bowe gaan, ook dieptelae het nie. In die geheel sou ek sê dat as die liefde diep gaan maar nie diep genoeg nie — dit gebeur ook op ander terreine waar die naam liefde met smaak nogal gebruik word! — dan is die skrywer se benadering 'n poëtiese. Sy produk sal dan ook, hetsy prosa, hetsy digwerk, letterkundige waarde hê. In die gewone omgangstaal word daar gesê „dit leef": as dit prosa of drama is word die figure *mense*; en as dit digwerk is ontwaar ons die stem, die menslikheid, en die sensitiwiteit van die digter self.

Maar die liefde kan, soos aangedui, nog verder gaan. Dit kan die lokale nog met dieselfde deernis en warmte waarneem en opneem, maar die lokale word so deur die liefde bestraal dat die digterlikheid 'n ontologiese karakter kry. Die beste voorbeeld hiervan bly nog die Hoë Gotiek van die Middeleeue. Hiervan het C. R. Morey, toe hy oor die Frans-Gotiese argitektuur geskryf het, gesê: „Seeking the concrete and the individual, it sought the infinite as well, not with calm logic but with passionate faith (*wat die hoogste uitdrukking van die liefde ook is*) built with complicated stresses and balances, with soaring vaults and silhouettes that disappear in space . . . The quest for the concrete involves the infinite . . . The paradox of mediaeval thought and art is its simultaneous search for the particular and the universal: rooted to the earth the mediaeval soul aspired with unending confidence toward heaven." Sien weer hier ook die interessante sintese tussen die gesonde verstand van die baie duisende werksmense wat aan so 'n katedraal soos bv. *Notre Dame de Paris* of die Dom van Chartre gebou het. Sien hulle praktiese vaardighede en hulle liefdevolle instelling tot hulle materiaal. Alle vernuwing is in sekere sin die vernuwing van 'n tradisie. En alle lewende tradisie reik by ons wat kinders van die Weste is veel verder as ons eie geskiedenis. Dit wortel

in die Christendom self. Die finale dieptelaag van die letterkunde is en was nog altoos die ontologies-poëtiese. Daarom het dit byna altoos gegaan oor die mens in sy nood, wat na idolatrie gryp om staande te kan bly; wat groot en heroïse gebare maak, wat deur die ironie op die duur as absurd bewys word; wie se ruisende maar sinnelose ideale ons in die geval van tragiek tot deernis en ontsag voer; in die geval van die komedie tot deernis en die lag. Dis figure soos Hamlet en Don Quichote wat ons uit verskillende hoeke weer na 'n vernuwing van ons menslikheid voer. Dit is in die humus; en daarom in die ootmoed dat ons weer hoop vind, en dié moed om onsself te wees.

Die doel van hierdie gesprek is eintlik die sinvolheid al dan nie van geskiedenis. Wat hier van die letterkunde egter gesê is, geld eweseer ook daarvoor. Die dimensies van die synde sou ook hier onderskei moet word. Wat beteken die beoefening van gesonde verstand in terme van geskiedskrywing en/of -dosering? Uit die aard van die saak beteken dit 'n suiwere vasstelling van die beliggaamde feite van die geskiedenis. Soos die joernalistiek tot voortreflike dinge in staat is, so sal geskiedskrywing en geskiedkundige navorsing op hierdie vlak verdienstelike werk tot gevolg kan hê.

Soos die toerusting van gesonde verstand nie verdwyn of oorbodig raak wanneer joernalistiek uitblom tot letterkunde nie, ,so bly dit ook nog nodig wanneer geskiedenis verdere dieptelae bereik. Hoe sal geskiedenis dit regkry? U sou met reg kan sê dat 'n geskiedkundige wat sy stof op 'n digterlike manier benader nooit 'n akademiese aanstelling sal kry nie. U het *voorlopig* reg, want op die duur is die benadering van die waarlik groot geskiedkundige nie veel anders as dié van die waarlik groot skrywer of digter nie. Ook sy sinvolheid sal groei na mate hy sy stof benader op 'n manier wat dieper in die objek dring as wat die bloot rasionele vermoëns van die mens kan doen. Hy openbaar sy eie soort digterlikheid, wat hom nie soseer in beelde uitdruk nie, as in 'n allesomvattende blik op *Divina Commedia.* Iedereen wat 'n klassieke werk oor die geskiedenis al gelees het, soos bv. Gibbon se *Decline and Fall of the Roman Empire* of Churchill se verslag van die Tweede Wêreldoorlog, sal hiervan kan getuig. Die geval van Gibbon is interessant. Hoewel hy voorgegee het dat hy in sy monumentale studie wou vertel van die triomf van die godsdiens en die barbarisme, had hy só 'n omvattende siening van die lotgevalle van Rome, dat hy veel meer aan die wêreld gegee het as net 'n opeenstapeling van feite. Die hele enorme mensespel van die dekadente Rome staan daar opgeteken in die byna drieduisend bladsye van daardie werk. In ons eie tyd het ons Toynbee se *Study of History* wat iets dergeliks bied. Hierdie reuse-werk wat meer as 'n kwarteeu gekos het om saam te stel, eindig met 'n fyn stuk prosa, waarin die skrywer sy dank uitspreek aan almal, lewend of gestorwe, wat hom gehelp het om sy taak te voltooi. Ek weet van geen mooier prosa-gedig as die hoofstuk *Meaning Behind the Facts of History* nie. Maar ook hier tussen ons eie grense vind mens iets dergeliks. Toe ek die eerste keer Heinrich Vedder se *Das alte Südwestafrika* sowat twintig jaar gelede gelees het, is ek diep daardeur beïndruk. Ek het dit daarna weer geles, en toe wéér. Dìt is altoos 'n goeie toets vir die

lewende woord: of dit 'n mens terugroep na die plek op jou boekrak waar dit staan. *Das alte Südwestafrika* gee veel meer as net die feite van die voorgeskiedenis van 'n nog barbaarse land. Dit gee die smaak, die gevoel en die stemming van daardie land. Dit maak die mense, barbaars soos hulle meestal was, vir jou aanneemlik. Geen mens kon daardie boek geskryf het as hy nie verlief was op die geïnkarneerdheid van Suidwes-Afrika nie. 'n Sekere skrywer wat ook ambisies had om oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika te skrywe — hulle het maar grootliks ambisies gebly — kon baie heftig raak oor sekere feite-mistasting wat Vedder dan in sy boek sou begaan het. Afgesien daarvan dat hy my nooit oortuig het van die juistheid van sy eie standpunte nie, kon ek maar net op die duur sê: „My goeie vriend, as jy tog maar in één enkele opstel ietsie van die gees, die stemming, die menslikheid van hierdie land kon gee soos Heinrich Vedder dit konstant deur meer as twee-honder-en-vyftig-duisend woorde gedoen het, sou ek dalk met erns na jou geluister het."

Die groot geskiedkundige werk onderskei hom op presies dieselfde manier as die groot roman of die groot vers. Hulle ontmoet mekaar ook dan inderdaad in 'n groot historiese roman, soos *Oorlog en Vrede* van Tolstoi. Die waarneming is 'n ontologiese waarneming, ingegee deur die liefde, gegrondves op die rede, en noodwendig op hierdie wyse deurstraal met die geloof. Dit is in sy wese die geloof in 'n Orde wat al ons eie brose konsepte verbysteek. Dit vind in die lokale en plaaslike 'n ewige verhaal. Die geskiedenis word meer as net die optekening van die feite of die daarstelling daarvan om eie wankele bygelowe te onderstut. Dit word meer as net daardie feite in storievorm weergee, soos baie geskiedkundige romans ook so maklik doen. Dit word 'n náloop van en 'n sinnelike waarneming van die geskiedenis soos hy hom steeds deur die eeue afgespeel het. Die sinnelike waarneming sluit in àl die bekende sinne, maar ook 'n sesde wat vir dié wat dit nog nooit van naby gesien werk het, of dit self ervaar het, na skone waansin lyk.

Ek moet weer na Toynbee verwys om te illustreer wat ek werklik wil sê. Toynbee, soos baie ander groot figure, moes helaas ly ten gevolge van geesdriftige navolgers wat hom bewonder het maar nie reg verstaan het nie. Die abstrakte taal wat sulke dissipels gebruik — hulle sê ons moet eerder van ons vriende as van ons vyande bewaar bly — slaan soms ook terug op hulle modelle. Toynbee moes tydig en ontydig aangehaal word as die apostel van *Challenge and Response*. Dit is wèl een van die hoofmotiewe van sy studie, ja, maar dit is maar 'n deel daarvan.

Die heersende stemming van *A Study of History* is die instrumentele aard van alle beperkte dinge. Dit sluit die mens in. Dis dan ook die geskiedenis van die groei en tot niet gaan van alle beskawings. Beskawing, wys Toynbee daarop, groei solank as wat hulle die innerlike krag besit om hulle eie beperktheid te oortref. Die ware ontwikkeling is daar solank mense in die geloof — dit wil sê sonder die Angs om die Bestaan wat ons verteer — voorwaarts kyk. Dit kom tot stilstand, en uiteindelik tot ontbinding wanneer aan 'n beperkte iets 'n oneindige betekenis gegee word. Dit gebeur wanneer ons aan ons eie heroïese konsepte, ons idees, hoe

verhewe hulle ookal mag voorkom, 'n fundamentele waarde skenk. Dit word die Nemesis van 'n volk se skeppingsdrang, omdat dit in sy wese afgodery is. Daarmee gaan saam 'n enorme wêreld van skyn, die verlies aan die gevoel van tydgenootlike konkreetheid: hier wees; nou wees, te doene het met die wêreld soos hy hom inderdaad aan ons voordoen. Dit word 'n blinde verafgoding van skepsel pleks van Skepper, van tydgebondenheid pleks van tydeloosheid. Uit hierdie *Umwertung* ontstaan 'n verlies aan selfdeterminasie. Dan gebeur dit dat „ineffably sublime works of God" gereduseer word tot 'n „abomination of desolation".

Die verlies aan ontologiese sin moet dus voer na die soort *Götterdämmerung* waarvan elke tyd sy voorbeelde het. Dit gaan soms moeilik vir 'n volk of nasie om agter te kom hoe ver hy op hierdie pad al geloop het. Die verlies aan die gevoel van redelikheid — d.w.s. van konkrete indompeling in die tyd om dit weer nuut te maak die gevolglike vlug uit die tyd, moet noodwendig veroorsaak dat 'n ander aspek van ons menslikheid ten koste van ons redelikheid, ons geloof dus, oorgeaksentueer word. Ek bedoel die elemente van emosie.

Die emosies het 'n noodwendige plek in ons menslike samestelling. Hulle word egter ook in die begrip van die rede saamgevat, en wanneer hulle nie meer dáárin bestaan nie, raak hulle wild en haal gevaarlike fratse uit. Ek wil sê dat as dit gebeur dat ons emosies op onsself begin inkeer en om onsself begin draai, dan is dit tyd dat ons weer 'n slag besin. Sulke ingekeerde emosies was nog altoos die reinste sentimentaliteit. Daarmee het hulle lynreg teenoor ons ware Westerse Christelike tradisie gestaan, wat 'n *redelike* tradisie is.

Dit bring my by die eintlike punt van my hele betoog: die vraag waarom ons volksgeskiedenis as lewende erfenis so mank loop. As u betwyfel dat dit mank loop dan moet ek u verwys na 'n toespraak van dr. J. J. van Tonder van Krugersdorp op die Kongres van die Natalse Onderwysersunie op 4 Oktober 1966. Dr. Van Tonder het dit gehad oor *Geskiedenis in Ons Skole*. Hy het 'n paar insiggewende dinge gesê. In die eerste plek het hy daarop gewys dat daar by skoliere wat geskiedenis as vak op skool het 'n jammerlike kritiese onvermoë is om die ontwikkelingsgange en strominge in die geskiedenis en die internasionale verhoudings te sien. Hy het gekla dat die leerlinge wat wel geskiedenis as vak het, deur die eksamens gedryf word. Die statistiek toon 'n afname van 10% in die verskillende provinsies die afgelope tien jaar in die getal Matrikulante wat Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied het. Nog meer onstellend en insiggewend was die feit dat die grootste afname by die Matrikulante by Afrikaansmediumskole voorkom. In een provinsie het hierdie Matrikulante tot 43% gedaal, teenoor die 67% Matrikulante van Engelsmedium-hoërskole. Dit is 'n wrange feit wat ons onder die oë moet sien en moet probeer verklaar, veral in die lig van die feit dat die afgelope tien jaar méér openbare geleenthede (feeste ens.) geken het as ooit tevore. Volgens alle berekeninge moes hulle juis die teenoorgestelde uitwerking op die studerende jeug gehad het. Pleks dat hulle historiese sin, hulle

agting vir en kennis van die verlede gestimuleer en versterk is, het dit afgeneem. Hoekom dan?

Ek wil geen stellige bewerings hier maak nie. Hoe verder ek in die lewe staan hoe gewilliger raak ek om alle menings wat ek het, of mag gehad het, oormôre te hersien as dit nodig mag blyk. Ek gee egter aan die hand dat ons die verskynsel hierbo genoem in dieselfde verband kan sien as ander wat in ons dae voorkom.

Kom ons begin by iets wat onlangs 'n tamaaie hoeveelheid publisiteit van dagblaaie en tydskrifte en ander media geniet het. Om die waarheid te sê, 'n plaaslike dagblad het byna 'n hele bladsy foto's daaraan bestee. Nog merkwaardiger was dit dat die Staatspresident (ek sê dit met groot agting) en etlike lede van die Kabinet daarheen genooi is. Ek kan nie onthou dat enige toneelopvoering, nuwe publikasie, of film al ooit soveel openbare aandag geniet het nie. Dit loop nog steeds as prenteverhaal in 'n bekende tydskrif.

Teen hierdie tyd weet u seker waarna ek verwys. Die Kavaliers: aan ons reeds beskikbaar gestel as boek, as radio-vervolgdrama, as film.

Nouja, gemeet aan die openbare aandag van ons eie Afrikaanse pers, radio ens. sou mens reken dat ons hier te doen het met 'n groot stuk geskiedskrywing in prosavorm. Wat dit eintlik is? Ek steur my nie te baie aan diegene wat steen en been kla oor die verkeerde Amerikaanse invloede wat op ons inwerk nie. Ek steur my nie daaraan nie, nie slegs omdat ek weet dat daar ook enorm baie goeie dinge is wat ons van Amerika kan leer nie, maar veral omdat wanneer daar wel gevalle voorkom van absurde Amerikaanse invloed, hulle g'n kwik of kwak laat hoor nie. Ek vra in alle eenvoud of dit dan waarlik nodig was om die Anglo-Boere-oorlog aan ons te kom voorstel in die gedaante van 'n Amerikaanse *Western?*

As dit dan maar by die swartgeklede, jagende, absurd-heroïese figure alleen gebly het, sou ons dit nie raakgesien het nie. Maar toe kom ons helde ook nog in aanraking en kry opdragte van werklik historiese figure. Wat Oom Paul en Christiaan de Wet hiervan sou gesê het as hulle dit kon sê, kan ons maar raai.

Die tragiese is natuurlik dat die ware verhaal, onopgesmuk, in deernis en eenvoud gesien, digterlik gesien, ontologies gesien, oneindig boeiender is as enige Kavaliers ooit kon wees. Ons kan maar almal weer 'n slag Deneys Reitz se *Commando* gaan lees: *A Boer Journal of the Boer war.* Is dit waarlik te veel gevra dat ons lewende erfenis dit sal meebring dat van hierdie heldetydperk in ons geskiedenis iets gemaak word wat dit waarlik waardig is?

'n Paar weke gelede was ek in Oos-Kaapland. Ek het gery van Cradock na Tarkastad, en toe man-alleen oor Winterberg af in Baviaanskloof na Bedford. Dis 'n wêreld dié wat deurtrek is van geskiedenis. Daar langs die pad lê Bezuidenhout se grot — maar daarvan het ek eers later gehoor. Jy ry verby die geskiedkundige ou kerkie van Glen Lynden. Slagtersnek lê nie ver hiervandaan nie: naby Cookhouse op die pad na Port Elizabeth. By Slagtersnek is daar wel iets wat aan die verlede her-

inner, en wat daar gebeur het. Maar dit is ook al. Op geen ander plek in daardie wêreld van die bewoë Oosgrens, is daar êrens langs die pad iets wat vir jou sê: „Vertoef 'n oomblik hier. Span uit en hoor hoe die klippe hier praat!" Want ek glo dat klippe wel kan praat. Klippe is medegeskapenes en hulle deel ons ontologiese bestaan op 'n besondere manier. Waar die mens geleef en beweeg het, waar lief en leed, waar tragiek en komedie afgespeel het, prááť daardie klippe. En dit is goed dat hulle praat. Want hulle sê eintlik vir jou: „So het die menseverhaal hier verloop. Let op en oorweeg dit alles. Só sal die menseverhaal hom wéér afspeel." Die geskiedenis herhaal hom altoos — nie in sy aktualiteit nie maar wel in sy geestelike patrone. Die klippe praat op tienduisende plekke in Suid-Afrika, en niks sê vir my ek moet stilhou en 'n oomblik na hulle luister nie. As daar wel so iets soos spoke is, is dit hierdie soort spoke: die vriendelike soort, wat help om 'n erfenis lewend te hou.

Wat hier gesê is van Baviaanskloof, geld vir byna alle ander dele van ons land. Ek woon in die Drakensteinvallei. Dit is een van die oudste bewoonde gebiede van ons land. Ook daar het die geskiedenis hom op talle plekke in sy konkreetheid uitgedruk. Maar ry die vallei saam met 'n belangstellende buitelander op en jy sal vir hom alles moet vertel. Nêrens is daar iets langs die pad wat vir 'n besoeker vertel wat die lewende verlede van hierdie skone vallei is nie. Selfs nie die Hugenote-begraafplaas trek die aandag nie. 'n Enkele bordjie, bietjie windskeef al, staan langs die pad en vertel jou dit lê wel daarbo. Maar wie en wat dit is, sê g'n stomme woord nie. By die begraafplaas self is alles weinig meer as 'n hopie klippe tussen gras.

'n Ou dorp soos die Paarl bevat baie geskiedkundige geboue. Of daar meer as 'n handjievol Paarliete is wat as gids vir 'n buitelandse besoeker sou kon optree, betwyfel ek. Die vreemde is dat dit juis die „vreemdelinge" was wat die waarde van ons lewende erfenis die gouste raakgesien het. Was dit nie McCaul Theal, 'n Kanadees, wat die eerste waarlik omvangryke werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis opgestel het nie? Was dit nie Alice Fayne Trotter wat per fiets deur die „Old Cape Colony" gery het en die ou Kaapse herehuise met liefde besoek, geskets en daaroor geskryf het nie? Was dit nie baie ander soos Dorothea Fairbridge, Arthur Ellis en C. de Bosdari wat iets dergeliks gedoen het nie? Dit bly ook 'n ironiese feit dat Cecil John Rhodes enorm veel gedoen het om die Ou-Kaapse van algehele vernietiging te red.

Dit sal ons niks baat om elke jaar 'n groot nasionale fees te hou met voorstellings van die geskiedenis en dan te verwag dat dìt alles sal regmaak nie. Ons hele benadering tot ons lewende verlede sal 'n verandering moet ondergaan. Dit vereis niks minder as 'n terugkeer tot ons ware Christelike intellektuele tradisie nie. Dit is 'n terugkeer tot ons redelike geloof, wat meer is as 'n rasionele geloof, en wat verby die bloot emosionele steek. Konseptuele vertolking van die geskiedenis, d.w.s. vertolkings in terme van ons eie uitgedinkte konsepte of idees, moet noodwendig tot die abstrahering daarvan voer. 'n Goeie voorbeeld is die

Legende van Mafeking. Die feit is, soos 'n onlangse publikasie daarop gewys het, dat die beleg van Mafeking en die ontset daarvan, gladnie die enorme aandag wat dit in Engeland tydens die Anglo-Boere-oorlog uitgelok het, geregverdig het nie. Uit die oogpunt van die konsep van die Britse Ryk van die tyd was dit natuurlik iets besonders. Uit die oogpunt van 'n handjievol strydende burgers was dit ietwat van 'n windeier. Uit die oogpunt van die redelike geskiedskrywing was dit tragies-komies.

Hierdie geval word genoem net om ons te wys dat as ons die geskiedenis benader binne die raamwerk van ons eie konsepte ons daarvoor op die ou end sal moet boet. Sodoende kan geen tradisie lewend bly en kan dit nooit vernuwe word nie. Die rede lê in die abstrakte aard daarvan. Die probleem met alle abstraksies, en alle groot idees, of hulle nou nasionaal is of internasionaal, is dat hulle eintlik *nie*-syndes is. Daarom gebeur dit ook dat die taal waarmee sulke beskryf word so onmoontlik vervelig raak. Dit raak self-abstrak en doen maar net groot aan en het geen ware pit nie. Wie kan 'n skoolkind dit verkwalik as hy nie deur soiets aangetrek word nie? Wie kan 'n Onderwyser dit verkwalik as hy uit sy omgewing geen besondere inspirasie kan put wat hy aan sy klas kan oordra nie?

Daar is net een manier om die kloof wat ontstaan tussen die kenner en sy voorwerp weer reg te maak — en dit is om die konkrete geval self weer in die regte gesindheid tegemoet te gaan.

Kom ons begin maar by die begin. Ek het gesê dat gesonde verstand 'n hoekpaal van die geloof is. Dit het àl die groot kerkvaders van Augustinus af ook al gesê. Kom ons begin dan in ons skole weer met die geskiedenis vertel op 'n manier wat die konkreetheid en die lewendigheid daarvan steeds sal beklemtoon. Dit sal die opvoedkundiges beter weet hoe om te doen as ek. Ek noem maar net 'n middel wat enige jare gelede in Duitsland deur 'n populêre blad met groot welslae aangewend is: geskiedskrywing in die styl van 'n moderne koerant.

Dan die landskap wat ons so verwaarloos en waarvan ons vergeet dat sy siel die mens is. Ons kan by die Amerikaners hier gaan lig opsteek. Oral in daardie groot land staan die sogenaamde *historical marker* langs die pad, wat vertel hoe die klippe daar praat. Jy hou stil by 'n uitdraaiplekkie, lees wat daar staan, stap bietjie rond, en alles het vir jou meteens 'n diepere sin.

Ek sluit af deur weer daaraan te herinner dat 'n lewende erfenis en 'n lewende tradisie 'n vernuwende tradisie is. Die ware bron van die vernuwing lê hier aan ons universiteite. Dit is hier waar die geskiedenisonderwysers gevorm moet word. Om hulle te vorm binne 'n bepaalde konseptuele stelsel is om hulle dood te maak. Om hulle terug te voer na die ware ontstaanbronne van ons Westerse Christelike tradisie is om hulle deeglik toe te rus. Dit sal vereis dat ons die heelheid van 'n geloof weer aanvaar wat alle mensgemaakte konsepte oorboord gooi — òf na links, òf na regs — en wat hom inwerp in die ewige nou.

W. A. de Klerk